MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

19 Mei 2021

OB 14 – Opskorting van sportaktiwiteite

Beste Ouers

Die Departement van Basiese Onderwys het pas 'n skrywe uitgevaardig waarin alle kontaksport by skole verbied word tot verdere kennisgewing. Die kennisgewing is op ons *Facebook*-blad gedeel. Die besluit is geneem weens 'n hoë toename in Covid-19 gevalle. Daar is ook 'n toename in gevalle in ons gemeenskap, maar tans is daar geen gevalle in ons skool nie.

Ons gaan op hierdie stadium alle buite-kurrikulêre aangeleenthede vir die volgende 2 weke kanselleer. Ek weet dit sal 'n teleurstelling wees vir baie van ons leerders, maar vir die huidige kan dit nie anders nie.

Ons wil 'n ernstige beroep op u doen om te verseker dat u kind alle Coivid-19 protokolle volg na skool. Ons kan slegs ons skool- en ouergemeenskap beskerm as ons veilig optree.

Indien u kind enige Covid-19 simptome het, moet hy/sy asb. isoleer tot u sekerheid het. Dieselfde geld indien daar direkte kontak was tussen u kind en iemand wat positief vir Covid-19 getoets is.

Ons skooltye bly soos dit tans is; die sportoefeninge vind net nie plaas nie. Hierdie reëling word getref sodat ons en Hoërskool Montagu se uitkomtye sinchroniseer, t.w.v die busse en ander openbare vervoer.

	Maandae, Woensdae en Vrydae	**Dinsdae en Donderdae**
Gr. 1 - 3	07:30 – 13:00	07:30 – 13:15
Gr. 4 - 7	07:30 – 14:00	07:30 – 13:15

Baie dankie vir u begrip en samewerking.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080